# Wilgiestorie....

Skoolhoof: Mnr. Hennie Pelster

Tel: (058) 813 1010 Faks: 0866 595 407

e-pos: wilgeskool@lantic.net

26 NOV 7/2021

**WILGIE WAARDES**

**Liefde**
**Respek**
**Getrouheid**
**Nederigheid**
**Selfbeheersing**
**Integriteit**

KLERE-WINKEL TYE:



Maandag-oggende:

07:15 tot 07:45

Elke weeksdag

(Maan.—Vry.)

Gr. 1 tot 3 : 13:00-13:30

Gr. 4 tot 12 : 13:30-14:00

2de Handse winkel:

Elke dag

12:30-13:30



## Uit die Skoolhoof se kantoor

Borgefunksie—hartlik dankie aan elke donateur vir u volgehoue ondersteuning van ons skool in 2021! Elke bydrae word opreg waardeer en lei tot die voortgesette ontwikkeling van ons kinders! Dankie aan ons Beheerliggaam Voorsitter, SW Graaf en MC Cronje se reëlings vir ons Borgefunksie Donderdagaand.

Op Vrydag, 3 Desember is dit skoolsluiting in die skoolsaal om AGTUUR!

Daardie Vrydagaand, 3 Des. hou ons groot opskop saam met GP van Rheede van Oudtshoorn met 'n lekker 'steak' ete en dansparty! Kaartjies is te koop by die skoolkantoor. MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

Let asseblief op die verhoogde skoolfonds en koshuisgeld vir 2022 en verseker u kind se plek, deur vroegtydig die deposito te betaal. Weereens dankie vir elke ouer en borg se volgehoue ondersteuning aan ons skool.

ARBEID VEREDEL DIE GEES!

Wilgiegroete

MNR. H. PELSTER

## AFWESIGHEDE:

Afwesighede tydens eksamen : LET WEL dat dieselfde reëlings geld vir siek leerders tydens die eksamen. Geen siek leerder mag skool toe kom nie. Indien u kind siek is, sal 'n mediese sertifikaat ingegee moet word om 'n afwesigheidspunt te verdien.

## KLEREWINKEL

Die nuwe, sowel as Tweedehandse klerewinkel, sal op 10 en 11 Januarie 2022 oop wees.

Nuwe klere: 9uur tot 12uur.

Tweedehands: 10uur tot 12uur.

# SPORT

## LAERSKOOL TENNIS

Tennis Pret-toernooi aangebied deur Wilgerivier vanaf 6 tot 8 Desember 2021 vir spelers in graad 4 tot 7. Inskrywings kan by juffrou Megan (074 343 3639) gedoen word. Enkelspelers sowel as GEMENGDE dubbels kan inskryf.

## ATLETIEK

Vanaf 13 tot 15 Desember is daar 'n Atletiek Afrigtingskliniek in Sasolburg vir alle atlete. Indien leerlinge belangstel om te gaan deelneem: Laerskool se name na Juf. Wilmie en Hoërskool se name na Mnr. Hano. Navrae kan aan mnr. Spanjool Wessels gerig word.

## JAARBLAD : 2021

Vanjaar dwing die hoë drukkerkoste ons ongelukkig om die prys van die Jaarblaaie te verhoog na R240 per uitgawe. Ongelukkig kan ons slegs die Jaarblad op bestelling doen. Die sluitingsdatum vir bestellings (met geld) is 10 Desember 2021—voltooi asseblief bestelvorm wat Maandag, 29 November saam met u kind uitgaan.

## SLUITKASTE

Dié kinders wat sluitkaste wil huur vir 2022, moet by hulle registeronderwyser bespreek voor 30 November 2021. Koste beloop R150 deposito en R150 huur vir die jaar. Kinders wat eerste betaal sal voorkeur kry.

## DISKONTO BOEKE

Hierdie uitstalling vind jaarliks by die skool plaas en geniet baie aandag van die leerders. Boeke word verkoop teen 'n baie bekostigbare prys.

Ouers is welkom om ook na die uistalling te kom in die Skoolsaal.

Vanjaar is die uitstalling op 1, 2 en 3 Desember vanaf 8uur tot ongeveer 2uur in die middae.

# SKOOLFONDS : 2022

'n Deposito van R1 450- per leerling is betaalbaar. Die bedrag kan op 10 Desember 2021 betaal word wanneer rapporte afgehaal word tussen 8:00 en 9:00 – boeke vir 2022 sal dan beskikbaar wees indien bewys getoon kan word van betaling.

Hierdie bedrag moet deur almal betaal word voor die dag wat die skool heropen,

## SKOOLGELD VIR 2022 BELOOP AS VOLG:

R14 250- per leerling per jaar. U kan die volgende betalingsopsies kies:

Opsie 1:R1 450- deposito + R1 280- p / leerling, per maand (OOR 10 MAANDE)

*OF* Opsie 2:R3 562-50 per leerling, per kwartaal (4 kwartale)

*OF* Opsie 3:R14 250- per leerling, per jaar

# Korting vir die JAAR vooruitbetaal VOOR / OP 31 Januarie : R700 per leerling.

*OF*

# Korting van R650 INDIEN 'n bewys van getekende debietorder by die skool ingedien word.

## KOSHUISGELD:

R16 800– per leerling per jaar (vooruitbetaalbaar) OF

R4 200– per leerling per kwartaal (vooruitbetaalbaar) OF

R1 680– per leerling per maand (vooruitbetaalbaar oor 10 maande)

## DAGSTUDENTE:

R600– per leerling per maand (vooruitbetaalbaar oor 10 maande).

BANKBESONDERHEDE VAN DIE **SKOOLFONDS**:

| | |
|---|---|
| ABSA Tjekrekeningnommer: | 1900 330 169 |
| Takkode: | 33-45-33 |
| Naam van Rekening: | HS Wilgerivier |
| Verwysing: | 835/……. |

**DIE BETALING VAN 'N DEPOSITO VAN R1 450– IS VERPLIGTEND ALVORENS ENIGE SKRIFTE AAN DIE KINDERS OORHANDIG SAL WORD OP 10 DES.**

**INDIEN SUBSIDIE VORMS NIE VOOR VRYDAG, 19 NOVEMBER INGEDIEN IS NIE, SAL DIE AANSOEK NIE IN AANMERKING GENEEM WORD NIE.**